# Les 1 JESUS CHRISTUS IS VANDAG 'N MENS IN DIE HEMEL

## 1. Bespreking: wie is Jesus vandag?

Kom ons toets ons opvattings oor die Here Jesus! Wie is Hy vandag? Dit is maklik om te sê wie Jesus was toe Hy op aarde geleef het. Maar ons vraag is anders. Wie is Hy nou – terwyl ons hier sit en praat?

Wie sê Jesus is vandag ŉ gees?

Wie sê Jesus is vandag ŉ engel?

Wie sê Jesus is vandag die Skepper van hemel en aarde?

Wie sê Jesus is so half mens en amper God?

Wie sê Jesus is vandag nog steeds ŉ gewone mens van vleis en been, net soos ons mense van vleis en been is?

## 2. Die getuienis van Lukas

Lukas getuig oor wie Jesus vandag is. Al die skrywers van die Nuwe Testament getuig oor wie Jesus is terwyl hulle skryf. Hulle praat nie van Jesus as iemand in die verlede nie. Hulle getuig altyd oor wie Jesus is in die tyd waarin hulle die boeke en briewe van die Nuwe Testament skryf. Daarom is dit nie stories oor Jesus nie, maar getuienisse.

*"36 Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: "Vrede vir julle!" 37 Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien 'n gees. 38 Hy sê toe vir hulle: "Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte? 39 Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie." 40 Terwyl Hy dit sê, wys Hy vir hulle sy hande en voete. 41 Toe hulle van blydskap en verwondering nog nie kon glo nie, sê Hy vir hulle: "Het julle hier iets om te eet?" 42 Hulle gee Hom toe 'n stuk gebakte vis. 43 Hy het dit gevat en voor hulle oë geëet. 44 Daarna sê Hy vir hulle: "Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is." 45 Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. 46 Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, 47 en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.' 48 Julle is getuies van hierdie dinge. 49 En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is." 50 Daarna het Hy hulle uit die stad uitgelei tot by Betanië. Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën. 51 Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem. 52 Hulle het Hom aanbid en met groot blydskap na Jerusalem toe teruggegaan."* (Lukas 24)

**3. <u>Dit is die Sondagaand na Jesus se begrafnis</u>**

Om die getuienis van Lukas te begryp, moet ons weet wanneer gebeur hierdie verskyning van Jesus aan sy dissipels.

Dit is nou die Sondagaand na Jesus se begrafnis, wat Vrydagmiddag was.

Jesus het die Donderdagaand saam met sy dissipels nagmaal gebruik. Hulle het na die nagmaal na die tuin van Getsemane gegaan. Jesus is vroeg Vrydagoggend, terwyl dit nog donker was, in hierdie tuin in hegtenis geneem. Vrydagoggend is Hy na die hoëpriester gebring, en daarna na Pontius Pilatus. Hy is voor twaalfuur die oggend al gekruisig. So teen drie-uur Vrydagmiddag is Jesus oorlede. Hy is begrawe voor die eerste ster Vrydag in die namiddag begin skyn het.

Die Jode se Sabbatdag begin as die eerste ster gesien kan word op Vrydagaand, en hou dan aan tot die eerste ster Saterdagaand weer gesien kan word.

Jesus moes voor die eerste ster op die Vrydag laatmiddag gesien kon word, begrawe word, want die Jode begrawe nie mense op hulle Sabbat nie.

Die hele Saterdag was Jesus binne die graf.

Dit is nie grafte soos ons s'n nie. Dit is ŉ groot holte wat uit ŉ rots gekap is, so groot soos ŉ kamer. Jesus is in die kamer neergelê en ŉ groot plat klip is voor hierdie holte gerol.

Sondagoggend was die graf oop en Jesus was nie daar nie.

Sondagaand, terwyl die dissipels bymekaar is, staan Jesus tussen hulle en sê: "Vrede vir julle".

**4. <u>Boeglam geskrik</u>**

Wie van julle was al by ŉ begrafnis? Wat sal julle doen as die mens wat julle Vrydag begrawe het, Sondagaand na jou toe kom en sê: "Vrede vir jou"?

Niemand gaan baie vrede hê as so iets met hom gebeur nie.

Kyk hoe reageer Jesus se dissipels: *"Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien 'n gees."* Geweldig skrik, is boeglam skrik.

Hoekom skrik hulle hulle so boeglam?

Maklik! Hulle het gesien hoe Jesus aan die kruis gespyker word. Hulle het gesien hoe Hy met ŉ spies gesteek word. Hulle het gesien hoe Hy aan die kruis doodgaan. Hulle het geweet Hy is begrawe. In hulle gemoed was die Jesus wat hulle sien, die gees van ŉ dooie mens. Jesus is vir hulle die gees van ŉ lyk.

Hulle dink Jesus is ’n spook!

Dit is presies wat ons ook sou doen. Maak nie saak hoeveel keer iemand vir ons sê dat hy uit die dood sal opstaan en weer met ons sal saamwees nie, as ons sy begrafnis bygewoon het en hy staan weer twee dae later by ons, skrik ons ons boeglam vir hierdie spook.

**5. <u>Jesus is nie ’n spook of ’n gees nie</u>**

Jesus sê hulle moet aan Hom voel en vat. Waar? Aan sy hande en sy voete! Hoekom? Kyk na Jesus se eie woorde: *“Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! ’n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie.”*

Hulle voel aan Jesus se hande en sy voete waar die spykers ingekap was. Wat voel hulle? Voel maar ’n bietjie aan julle eie hande en voete. Wat voel julle? Vleis en bene!

Wat het hulle gevoel toe hulle aan Jesus gevat het?

Vleis en bene! Net soos ons vandag vleis en bene is!

Hy sê uitdruklik dat wat hulle voel, vleis en bene is: menslike vleis rondom menslike bene. Vleis beteken bloed met rooibloedselle, witbloedselle en bloedplasma. Vleis beteken organiese materiaal wat uit DNA molekules opgebou is. Vleis beteken molekules wat uit die gewone stowwe van die heelal saamgestel is: koolstof, waterstof en koolsuurgas.

Jesus was die Sondagaand, na sy dood en begrafnis die vorige Vrydagmiddag, nie ’n gees in die gedaante van ’n mens nie. Hy was nog steeds presies dieselfde mens van vleis en bloed as wat Hy tot en met Vrydagmiddag was. Hulle het aan sy lyf, nie sy lyk nie, gevoel en gevat.

**6. <u>Jesus is nie ’n dop met ’n gees in nie</u>**

As jy so aan iemand moet voel en vat wat jy twee dae gelede gesien begrawe word, wat sal jy dink? Maklik! Dis maar net hoe hy aan die buitekant voel – maar binne is hy nog steeds ’n spook!

Dit is wat Jesus se dissipels gedink het. Miskien vleis en bloed aan die buitekant, maar aan die binnekant is Hy ’n gees of ’n engel of ’n goddelike wese uit die ruimte! Al voel en vat hulle aan sy hande en voete – hulle glo nie wat hulle voel nie.

Daarom vra Jesus vir hulle vis om te eet.

Hoekom doen Jesus dit ? Wat kan hulle daaruit wys word? Hoekom het hulle dit nodig om Jesus te sien vis eet?

Jesus verdryf hulle ongeloof deur vis voor hulle oë te eet. Voor hulle oë eet beteken kou en sluk. Kou en sluk beteken tande, speekselkliere en ŉ slukderm. Kou en sluk beteken ŉ maag met ŉ spysverteringstelsel, ŉ spysverteringstelsel wat ŉ bloed-, senuwee-, skelet- en spierstelsel aan die gang hou.

Dit is wie Hy aan sy binnekant is – ŉ mens nes ons. Hy is nie net mens buite, maar gees of spook aan die binnekant nie.

Jesus is gewoon net mens soos Hy was voor sy dood.

Voor sy dood was Jesus mens na liggaam, siel en gees. Hy was nie anders mens na liggaam, siel en gees, as enige ander mens nie.

Die antwoord op die vraag: "Wie is Jesus vandag?", die Sondagaand na Jesus se dood en begrafnis, was: "Hy is vandag presies dieselfde mens van vleis en bloed as daardie Vrydagmiddag."

**7. <u>Vanwaar het Jesus verskyn</u>?**

Vanwaar af het Jesus Sondag aand gekom?

Jesus sê in vers 46: *"[46] Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan"* Die derde dag was Sondag: Vrydag met sy dood is die eerste dag, Saterdag is die tweede dag en Sondagoggend is die derde dag. Jesus het Sondagoggend uit die dood opgestaan.

"Uit die dood opstaan" beteken Jesus is Vrydag dood. Hy is ŉ lyk. Saterdag het Hy begin ontbind en Sondagoggend het Hy vanuit hierdie ontbinding, weer verander na ŉ lewende mens, presies weer vleis en bene – lewend mens.

Maar waarheen het Hy gegaan?

Die antwoord is: direk na sy Vader in die hemel toe! As Jesus hier aan sy dissipels verskyn, dan is dit vanuit die hemel dat Hy verskyn: soos hulle Hom sien, so is Hy in die hemel.

Hy verskyn vanuit die hemel aan hulle. Soos Hy by hulle is, so is Hy in die hemel – ŉ mens van vleis en bloed.

**8. <u>Hemelvaart is iets anders as laaste verskyning</u>**

Wat is hemelvaart en wat is verskynings?

Paulus sê vir ons wat is verskynings in 1 Kor. 15:

*"[3] Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; [4] Hy is begrawe en op die*

*derde dag opgewek, volgens die Skrifte. [5] Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, [6] en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. [7] Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. [8] Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn."*

Verskynings is presies net wat dit sê! Dit is Jesus wat as mens uit die hemel, weer aan mense op aarde verskyn.

Hemelvaart is iets anders. Dit is toe Jesus uit die graf weer as ŉ lewende mens opgestaan het en direk na sy Vader in die hemel is.

Hierdie verskynings van Jesus het tot en met Pinkster plaasgevind, en na Pinkster nog net een keer – aan Paulus op die Damaskuspad om aan Hom dieselfde status te gee as aan die ander dissipels: om die lewende mens Jesus Christus self te gesien het.

**9. <u>Weggaan is nie anders word nie</u>**

As een van ons met vakansie gaan na ŉ ander plek toe, wie sal ons wees as ons op die ander plek aankom? Presies net onsself!

Dit is hoekom Jesus van die plek waarheen Hy gegaan het, presies net soos Hy uit die dood opgestaan het, verskyn: ŉ mens van vleis en bloed.

Sy liggaam het ander eienskappe as wat dit voor sy dood gehad het: Jesus verouder nie meer nie en as mens, al is Hy van vleis en bloed, kan Hy nie weer doodgaan nie. Hy is nou as mens onsterflik. Hierdie nuwe eienskappe noem die Bybel – ŉ verheerlikde liggaam. Dit is die liggaam waaraan die dissipels gevoel en gevat het.

**10. <u>Vandag – is Jesus ŉ mens in die hemel!</u>**

Dit is die groot boodskap en geheim van die Christelike Kerk. Ons Here is vandag, in die hemel, ŉ gewone mens van vleis en bloed, nes ons.

Hy is nie ŉ spook, ŉ gees, ŉ engel of ŉ goddelike mens nie.

Jesus is in die hemel net so mens soos ons op aarde.

Lukas getuig oor Jesus aan sy tydgenote: Hy leef as mens vandag!

*"[3] Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat."* (Hand.1)